# SENTRAAL KAROO DISTRIKS MUNISIPALITEIT

# KONTANTBESTUUR – EN BELEGGINGSBELEID

**2023/2024**

**INDEKS**


| | | |
|---|---|---|
| 1. | Inleiding | 3 |
| 2. | Raamwerk van die Beleid | 3 |
| 3. | Doelwitte van die Beleid | 3 |
| 4. | Standaard van Sorg | 4 |
| 5. | Delegasie van Bevoegdheid | 4 – 5 |
| 6. | Bestuur en Interne Kontrole Prosedures | 5 – 6 |
| 7. | Kontant Bestuur | 6 – 10 |
| | 7.1 Administrasie van Bankrekeninge | |
| | 7.2 Bestuur van Kwitering | |
| | 7.3 Bestuur van Uitgawes | |
| | 7.4 Onttrekkings | |
| | 7.5 Bestuur van Skuld | |
| | 7.6 Kontantvloei Begroting | |
| | 7.7 Bestuur van Bedryfskapitaal | |
| 8. | Beleggings | 10 – 17 |
| | 8.1 Bestuur van Beleggings | |
| | 8.2 Belegging Etiek | |
| | 8.3 Beleggings Doelwitte | |
| | 8.4 Tipes Beleggings Rekeninge | |
| | 8.5 Gemagtigde Beleggings | |
| | 8.6 Gekwalifiseerde Instellings | |
| | 8.7 Beleggings Diversifikasie | |
| | 8.8 Kompeterende Seleksie van Aanbiedinge | |
| | 8.9 Kommissie of Koste | |
| | 8.10 Prestasie | |
| | 8.11 Verbode Aktiwiteite | |
| | 8.12 Verslagdoening | |
| 9. | Toepaslike Wetgewing | 17 |
| 10. | Hersien van die Beleid | 18 |

## 1. INLEIDING

1.1 In terme van Artikel 13(2) van die Munisipale Finansiële Bestuurswet, 2003 (Wet No. 56 van 2003) (Die Wet), moet die munisipaliteit 'n toepaslike en effektiewe kontant bestuurs-en beleggingsbeleid implementeer teen 1 Julie 2004.

## 2. RAAMWERK VAN DIE BELEID

2.1 Ten einde deeglike en volhoubare bestuur van die kontant hulpbronne van die munisipaliteit te verseker, spreek hierdie beleid alle beginsels en prosesse ingesluit in kontant bestuur en beleggings aan, en sluit in:

- Die doelwitte van die beleid;
- Standaard van sorg;
- Delegasie van bevoegdheid;
- Bestuur en interne kontrole prosudures;
- Kontantvloei-begroting;
- Bestuur van Bedryfskapitaal;
- Kwitering en banking van kontant;
- Betalings;
- Kort- en langtermyn skuld en skuld herstrukturering;
- Beleggings etiek, beginsels en praktyke;
- Verlagdoening en monitor van vereistes;
- Prestasie standaarde en meting; en
- Hersiening van die beleid.

## 3. DOELWITTE VAN DIE BELEID

3.1 Die doelwitte van die beleid is om optimale prestasie met die laagste moontlike risiko te verseker, deur kontant hulpbronne van die munisipaliteit te bestuur en te belê en om deursigtigheid, rekenpligtigheid en toepaslike lyne van verantwoordelikheid in die proses te verseker.

## 4. STANDAARD VAN SORG

4.1 Elke amptenaar in die kontant bestuur en beleggings proses moet dit so doen met soveel oordeel en sorg, onder heersende omstandighede, soos ‘n persoon van verstandigheid, diskressie en intelligensie sou uitoefen in die bestuur van haar of sy eie aangeleenthede en met sy of haar primêre doel met die waarskynlike veiligheid van sy of haar eie kapitaal, in die tweede geval van sy of haar likiditeits behoeftes en laastens die waarskynlike inkomste daaruit verkry.

4.2 Spekulasie mag nie onderneem word in enige van die prosesse nie.

## 5. DELEGASIE VAN BEVOEGDHEID

5.1 Die bestuur van al die kontant hulbronne van die munisipaliteit is die verantwoordelikheid van die Munisipale Bestuurder wie, vir die behoorlike aanwending van die beleid, ‘n toepaslike stelsel van delegasie moet ontwikkel wat beide administratiewe en operasionele effektiwiteit sal verseker en van geskikte kontroles en balansering in die bestuur van die kontant hulpbronne sal voorsien.

5.2 Die Hoof Finansiële Beampte, soos skriftelik aangewys deur die Munisipale Bestuurder, moet die Munisipale Bestuurder adviseer oor die uitoefening van magte en pligte met betrekking tot die beleid en moet die Munisipale Bestuurder in die adminstrasie van die kontant hulpbronne, die bankrekeninge en die beleggings rekeninge bystaan.

5.3 Die Hoof Finansiële Beampte mag nie die plig om die Munisipale Bestuurder in die administrasie van die munisipaliteit se bank- en beleggings rekeninge by te staan, delegeer nie.

5.4 Die delegasie om geld uit die munisipaliteit se bank- of beleggingsrekeninge te onttrek mag slegs gegee word aan die Hoof Finansiële Beampte of enige ander senior finansiële amptenaar soos bepaal, in skrif, deur die Munisipale Bestuurder en waarvan ‘n afskrif, geteken deur die Munisipale Bestuurder, gehou moet word met die amptelike stel delegasies van die munisipaliteit.

5.5 Die Munisipale Bestuurder mag nie enige magte of pligte in die administrasie van die munisipaliteit se kontant hulpbronne aan enige politieke struktuur of raadslid delegeer nie en geen raadslid word toegelaat om in te meng of poog om in te meng in die bestuur van die munisipaliteit se kontant hulpbronne nie.

5.6 Enige delegasie deur die Munisipale Bestuurder in terme van hierdie beleid:

- Moet in skrif wees;
- Is onderhewig aan enige beperkinge en voorwaardes soos die Munisipale Bestuurder mag voorskryf;
- Mag òf aan ‘n spesifieke individu of aan die houer van ‘n spesifieke pos in die munisipaliteit wees en mag nie aan ‘n komitee van amptenare wees nie;
- Mag nie die Munisipale Bestuurder ontneem van die verantwoordelikheid met betrekking tot die uitoefening van die gedelegeerde magte of die prestasie van die gedelegeerde plig nie.

5.7 Die Munisipale Bestuurder mag enige besluit wat geneem is as gevolg van ‘n delegasie of sub-delegasie in terme van hierdie beleid bevestig, wysig of herroep, maar geen so ‘n wysiging of herroeping van ‘n besluit mag afbreek doen aan enige regte wat sou voortspruit as gevolg van die besluit nie.

5.8 Vir die aanwending van hierdie beleid sal enige verwysing na “Munisipale Bestuurder” ook beteken “enige ander persoon wat waarneem onder ‘n gedelegeerde mag of funksie uitoefen soos gedelegeer deur die Munisipale Bestuurder” in terme van paragraaf 5.

## 6. <u>BESTUUR EN INTERNE KONTROLE PROSEDURES</u>

6.1 Die Munisipale Bestuurder, bygestaan deur die Hoof Finansiële Beampte, moet alle redelike stappe neem om te verseker:

- Dat die munisipaliteit ’n bestuurs-, rekeningkundige- en inligtingstelsel het en onderhou wat van alle bank- en beleggingsrekeninge, kwitering-, onttrekkings-, kontantbestuurs- en beleggingstransaksies rekenskap gee;

- Dat, in die geval van beleggings, sulke beleggings waardeer word in ooreenstemming met algemene aanvaarde rekeningkundige praktyk;
- Dat, in die geval van beleggings, inkomste verskuldig op ‘n maandelikse basis bereken word;
- Dat die munisipaliteit ‘n stelsel van interne kontrole oor die bank en beleggings rekeninge, kwitering, onttrekkings, kontant bestuur en beleggings transaksies in plek het en handhaaf.

## 7. KONTANT BESTUUR

### *7.1 Administrasie van bankrekeninge:*

7.1.1 Die Munisipale Bestuurder is verantwoordelik vir die administrasie van die munisipaliteit se bankrekeninge, ingesluit die opening van die bankrekeninge, die aanwysing van die primêre bankrekening en alle bank- en onttrekkingsprosedures. Die bank rekening mag slegs beheer word in ooreenstemming met enige oudit voorskrifte asook enige wetlike vereistes soos voorgeskryf in die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 en in die besonder Hoofstuk 3 van die Wet asook Artikel 64 van die Wet.

7.1.2 Die Munisipale Bestuurder mag die pligte, gekoppel aan die administrasie van die bankrekeninge, soos per paragraaf 5 van hierdie beleid delegeer.

### *7.2 Bestuur van Kwitering:*

7.2.1 Die Munisipale Bestuurder is verantwoordelik vir die administrasie van alle kwitering prosedures en moet alle redelike stappe neem om te verseker dat kwitering bestuur word in ooreenstemming met enige oudit voorskrifte asook enige wetlike vereistes soos voorgeskryf in die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 en in besonder Artikel 64 van die Wet.

7.2.2 Die Munisipale Bestuurder mag die pligte, gekoppel aan kwitering, soos per paragraaf 5 van hierdie beleid delegeer.

### ***7.3 <u>Bestuur van Uitgawes:</u>***

7.3.1 Die Munisipale Bestuurder is verantwoordelik vir die administrasie van alle uitgawe prosedures en moet alle redelike stappe neem om te verseker dat uitgawes beheer word in ooreenstemming met enige oudit voorskrifte asook enige wetlike vereistes ingesluit soos voorgeskryf in die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 en in besonder Artikel 65 van die Wet.

7.3.2 Die Munisipale Bestuurder mag die pligte, gekoppel aan uitgawes, soos per paragraaf 5 van hierdie beleid delegeer.

### ***7.4 <u>Onttrekkings:</u>***

7.4.1 Die Munisipale Bestuurder is verantwoordelik vir die administrasie van alle onttrekkings prosedures en moet alle redelike stappe neem om te verseker dat onttrekkings beheer word in ooreenstemming met enige oudit voorskrifte asook enige wetlike vereistes ingesluit soos voorgeskryf in die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 en in besonder Artikel 11 van die Wet.

7.4.2 Die Munisipale Bestuurder mag die pligte, gekoppel aan onttrekkings, soos per paragraaf 5 van hierdie beleid delegeer.

### ***7.5 <u>Bestuur van Skuld:</u>***

7.5.1 Ten einde voldoende kontantvloei te verseker, mag die munisipaliteit kort of langtermyn skuld aangaan, op voorwaarde dat die Raad alle skuld ooreenkomste goedkeur, die Burgemeester die besluit ten opsigte van die goedkeuring van die skuld ooreenkoms onderteken en die Munisipale Bestuurder die skuld ooreenkomste onderteken het.

7.5.2 Die munisipaliteit word, in terme van Artikel 46(5) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003, toegelaat om lantermyn skuld te herfinansier met die doel om te spaar op koste van skuld. Die Munisipale Bestuurder moet, vir hierdie doel, ten minste jaarliks en as deel van die begrotingsproses evalueer en verslag doen aan die Raad oor die koste van bestaande skuld en of die herfinansiering van sodanige skuld tot voordeel vir die munisipaliteit sal wees. As deel van die evaluasie moet die Munisipale Bestuurder die tipes terugbetalings bepaal en of eenmalige betalings aan die einde van die skuld periode en die redelike bepaalde netto koste daarvan nie meer voordelig vir die Raad sal wees nie indien die terugbetalings belê word in delgingsfondse en die redelike voorgenome opbrengs op die beleggings in berekening gebring word.

7.5.3 Die Munisipale Bestuurder is verantwoordelik vir die administrasie van alle skuld prosedures en moet alle redelike stappe neem om te verseker dat skuld beheer word in ooreenstemming met enige oudit voorskrifte asook enige wetlike vereistes ingesluit soos voorgeskryf in die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 en in besonder Hoofstuk 6 van die Wet.

7.5.4 Die Munisipale Bestuurder mag die pligte, gekoppel aan skuld, soos per paragraaf 5 van hierdie beleid delegeer.

### *7.6 Kontanvloei Begroting:*

7.6.1 Ten einde te veseker dat die munisipaliteit voldoende kontant beskikbaar het om te voldoen aan die munisipaliteit se verpligtinge aan sy leners, krediteure, statutêre betalings en enige ander verpligtinge is dit noodsaaklik om jaarliks, as deel van die begrotingsdokumentasie, ‘n kontantvloei raming vir die begrotingsjaar opgedeel per inkomstebron, per maand, op te stel en aan die Raad voor te lê.

## *7.7* ***Bestuur van Bedryfskapitaal:***

7.7.1 Die Munisipale Bestuurder moet alle redelike stappe neem om te verseker dat die munisipaliteit maksimum prestasie behaal op sy bates en vir hierdie doel moet die bedryfskapitaal van die munisipaliteit so ver moontlik bestuur word tot die maksimum voordeel van die munisipaliteit.

7.7.2 'n Aanvaarbare vlak vir die Bedryfskapitaal Reserwe is 2:1 of beter en die Munisipale Bestuurder moet alle redelike stappe neem om te verseker dat die vlak gehandhaaf word. Met die berekening van hierdie vlak, moet uitstaande debiteure vir ‘n periode van langer as 90 dae asook enige onbenutte voorwaardelike skenkings en toewysings afgetrek word vanaf die bedryfsbates en verpligtinge en voorraad moet in berekening gebring word teen die laagste van koste en netto realiseerbare waarde. Die oefening om te voorsien vir ‘n voldoende vlak van bedryfskapitaal moet as deel van die begrotings proses gedoen word ten einde ooreenstemmend te begroot. Voorraad vlakke vir eie gebruik, moet so laag as moontlik gehou word, krediteure moet binne 30 dae vanaf datum van ontvangs van faktuur of rekeningstaat, watter een ookal die laatste is of van toepassing is maar so laat as moontlik betaal word maar met inagneming van moontlike afslag en alle stappe, ooreenstemmend met die Raad se Kredietbeheer- en Skuldinvorderings Beleid, moet geneem word om gelde verskuldig aan die munisipaliteit te verhaal.

7.7.3 Die Munisipale Bestuurder moet, as deel van die maandelikse verslagdoening aan die Burgemeester binne 10 werksdae na die einde van elke maand, verslag doen oor:

- Die gekombineerde netto balans van die bank- en beleggingsrekeninge van die munisipaliteit, uitgesluit uit enige balanse van onbenutte voorwaardelike skenkings, trust gelde gehou ooreenkomstig enige trust aktes, delgingsfonds beleggings gemaak ooreenkomstig enige lenings- of ander ooreenkoms met beleggers/leners, ander voorwaardelike fondse waarvoor gelde ontvang is ooreenkomstig Artikel 12 van die Wet, Skuld Waarborg Reserwe Fondse en ander kontant- gerugsteunde fondse waarvoor

magtiging vir spandering verkry moet word vanaf ander persone of sfere van die Regering.

- Of die bogenoemde netto balans voldoende is om 'n betaling van ten minste 2% van die bedryfsbegroting van die munisipaliteit te kan maak.
- Of alle verpligtinge en rekeninge reeds betaal is of betyds betaal kan word vanuit die bogenoemde netto balans en netto realiseerbare rekeninge ontvangbaar.
- Of daar 'n netto uitvloei van kontant is wat nie in ooreenstemming met die kontantvloei begroting is nie.
- Of al die bogenoemde 'n finansiële implikasie kan veroorsaak waarop die Burgemeester moet reageer ooreenkomstig die bepalings van die Wet.

7.7.4 Die Burgemeester moet, binne 30 dae vanaf die einde van elke kwartaal, aan die Munisipale Raad verslag doen oor die bogenoemde en indien enige finansiële probleem identifiseer word, moet die raad onmiddelik in kennis gestel word en ooreenkomstig die voorsienings van die Wet opgetree word.

## 8. <u>BELEGGINGS</u>

### *8.1 <u>Bestuur van Beleggings:</u>*

8.1.1 Die Munisipale Bestuurder is verantwoordelik vir die administrasie van alle beleggings prosedures en moet alle redelike stappe neem om te verseker dat beleggings beheer word in ooreenstemming met enige oudit voorskrifte asook enige wetlike vereistes ingesluit soos voorgeskryf in die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 en in besonder Artikel 13 van die Wet.

8.1.2 Die Munisipale Bestuurder mag die pligte, gekoppel aan beleggings, soos per paragraaf 5 van hierdie beleid delegeer.

8.1.3 Ten einde te verseker dat die Munisipale Bestuurder, of enige gedelegeerde persoon in terme van paragraaf 5, voldoen aan hierdie beleid in terme van beleggings en om die munisipaliteit verder te kapasiteer, mag die Munisipale Bestuurder ‘n Beleggings Bestuurder inkontrakteer wie ‘n natuurlike persoon of ‘n wetlike entiteit is wat as ‘n portefeulje bestuurder geregistreer is in terme van die Finansiële Markte Bestuurs Wet (Wet No. 55 van 1989) en Aandeel Verwisseling Beheer Wet (Wet No. 1 van 1985). Die Beleggings Bestuurder moet die Munisipale Bestuurder of gedelegeerde amptenare adviseer oor beleggings en mag beleggings bestuur namens die munisipaliteit, onderhewig aan enige voorwaardes en kontroles soos deur die Munisipale Bestuurder bepaal.

## *8.2 <u>Belegging Etiek:</u>*

8.2.1 Alle amptenare betrokke by die beleggingsbestuursproses moet optree met getrouheid, eerlikheid, integriteit en in die beste belang van die munisipaliteit en moet daarna streef, binne die sfeer van invloed van die amptenare, om enige benadeling van beleggings van die munisipaliteit te voorkom.

8.2.2 Geen amptenare betrokke by die beleggingsbestuursproses mag sy of haar posisie of voorregte gebruik as, of vertroulike inligting verkry as, amptenare in die proses vir persoonlike voordeel of om onregmatige bevoordeling aan ‘n ander persoon nie.

8.2.3 Geen persoon wat gekontrakteer is deur die munisipaliteit vir die doel van beleggings of geen persoon wat kwotasies voorlê, bie of enige ander middel van mededingende voorlegging maak mag, of direk of deur ‘n verteenwoordiger of tussenpersoon/skakel ‘n belofte, aanbod of skenking maak van enige vergoeding, geskenk, borg, lening, beurs, guns of gasvryheid nie aan –

- Enige amptenaar, eggenoot/te of nabye familielid van sodanige amptenaar of eggenoot/te;
- Enige raadslid, eggenoot/te of nabye familielid van sodanige raadslid of eggenoot/te.

8.2.4 Die Munisipale Bestuurder moet so gou doenlik aan die Burgemeester sowel as die Nasionale Tesourie enige beweerde oortreding van die bogenoemde rapporteer en mag ook aanbevelings maak of die beweerde oortredende party gelys moet word op die Nasionale Tesourie se databasis van persone wat verbied word om enige besigheid met die publieke sektor te doen. Enige so 'n verslag deur die Munisipale Bestuurder moet volledige besonderhede van die beweerde oortreding en 'n skriftelike antwoord vanaf die beweerde oortredende party, asook 'n bewys dat die beweerde oortredende party die aantuigings in skrif ontvang het en ten minste 7 (sewe) werksdae gegun is om te reageer op die aantuigings, bevat.

8.2.5 Enige borg wat belowe, geoffer of toegeken is aan die munisipaliteit moet onmiddelik aan die Nasional Tesourie openbaar gemaak word.

### *8.3* ***<u>Beleggings Doelwitte:</u>***

*8.3.1* *<u>Doelwit 1 – Sekuriteit:</u>*

Die eerste en vernaamste doelwit vir beleggings is die bewaring en veiligheid van die hoofsom belê. Dit is 'n vereiste van hierdie munisipaliteit dat beleggings slegs by instellings, wat 'n kredietwaardigheidsgradering van A 1 en beter het, belê. Enige belegging gemaak moet onmiddelik onttrekn word indien 'n instituut se kredietwaardigheidsgradering onder die vlak van A 1 daal.

*8.3.2* *<u>Doelwit 2 – Likiditeit:</u>*

Die kontantvloei begroting moet gebruik word as 'n instrument vir die bepaling van likiditeits behoeftes. Ander faktore soos die betalings lopies van krediteure, datums van salarisse en statutêre betalings en datums vir skuld terugbetalings moet ook in berekening gebring word om kontant vereistes te verseker, en gevolglik beleggings periodes vas te stel, wat tot so 'n mate bereken word dat maksimum opbrengs op surplus kontant verkry kan word.

8.3.3 *Doelwit 3 – Opbrengs:*

Dit is noodsaaklik om te verseker dat optimale opbrengs op die munisipaliteit se beleggings verkry word, maar 'n hoër opbrengs moet nooit die risiko van die behoud en veiligheid van die hoofsom belê of die nie-nakoming van kontantvloei vereistes verhoog nie. Waar 'n instelling 'n skielike verhoging bo die gemiddelde markkoerse vir beleggings aanbied, moet die Munisipale Bestuurder bepaal of die instelling onder likiditeits- of ander finansiële probleme ondervind, en in sodanige geval die beleggings by so instelling so gou doenlik onttrek.

### 8.4 Tipes Beleggins Rekeninge:

8.4.1 Die volgende kontant gerugsteunde beleggingsrekeninge moet gestig word:

- Algemene surplus kontant;
- Bate finansiering reserwe fonds;
- Opgehoopte verloffonds;
- Trust fondse waar 'n trust akte bestaan;
- "Toewysings" fondse soos omskryf in Artikel 1 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003, maar sluit billike deel toekennings uit;
- Delgingsfondse, indien van toepassing;
- Skuld waarborg reserwe fonds, indien van toepassing;
- Na-aftrede voordelefonds;
- Self-versekering reserwe, indien van toepassing;
- Behuising Ontwikkelingsfonds.

8.4.2 Dit is 'n algemene beginsel, hoe hoër die belegging hoe beter die opbrengs en om hierdie rede moet die Munisipale Bestuurder soveel as moontlik kontant toegewys aan die bogenoemde fondse kombineer, en dit saam belê. Die opbrengs moet dan toegewys word ooreenkomstig die kapitaal van die individuele kontant gerugsteunde fondse, deur die Verslag van Finansiële Prestasie.

### *8.5* ***Gemagtigde Beleggings:***

8.5.1 Beleggings moet gestruktureer word volgens die beste opbrengs beskikbaar en die likiditeits behoeftes van die munisipaliteit. Dit kan Opvraagbare Depositos, Vaste Termyn Depositos and Versekerings polisse vir die doel van delgingsfondse alleenlik insluit. Delgingsfondse moet geskep word vir die doel van enkelbedragbetalings en om te voorsien vir toekomstige verpligtinge soos om genoegsame kontant op te bou om in staat te wees om na-aftrede voordele volledig te delg.

### *8.6* ***Gekwalifiseerde Instellings:***

8.6.1 Dit is van kardinale belang dat die beleggings slegs by kredietwaardige instellings, met ‘n kredietgradering van A 1 en beter, gemaak word.

8.6.2 Die volgende beleggings word toegelaat:

- Sekuriteite uitgereik deur die Nasionale Regering;
- Gelyste korporatiewe verbande met ‘n beleggings gradering van ‘n nasionale of internasionale erkende krediet graderings agent;
- Depositos by banke wat geregistreer is in terme van die Bankwet, 1990 (Wet 94 van 1990);
- Depositos met die Openbare Beleggingskommissarisse soos beoog deur die Wet op die Openbare Beleggingskommissarisse, 1984 (Wet 45 van 1984);
- Depositos by die Korporasie vir Openbare Depositos soos beoog deur die Wet op die Korporasie vir Openbare Depositos, 1984 (Wet 46 van 1984);
- Bankiers se aksepsertifikate of verhandelbare sertifikate van deposito van banke geregistreer in terme van die Bankwet, 1990 (Wet 94 of 1990);
- Gewaarborgde begiftigings polisse met die doel om ‘n delgingsfonds te vestig;
- Terugkoop ooreenkomste met banke geregistreer in terme van die Bankwet, 1990 (Wet 94 van 1990);
- Munisipale effekte uitgereik deur die munisipaliteit;

- Enige ander soos deur die Minister van Finansies goedgekeur.

***8.7 Belggings-Diversifikasie:***

8.7.1 Sonder om die Munisipale Bestuurder te beperk tot enige spesifieke bedrag of persentasie van beleggings, word dit hiermee gevestig dat beleggings gemaak deur die munisipaliteit verdeel moet word soverl moontlik tussen verskillende instellings, verval datums en tipes, maar niks verhoed die Munisipale Bestuurder om meer kontant by een instelling as by ‘n ander instelling te belê nie maar met deeglike inagneming van die standaard van sorg en doelwitte soos in die beleid uiteengesit.

***8.8 Kompeterende Seleksie van Aanbiedinge:***

8.8.1 Met die vasstelling waar beleggings gemaak moet word, moet ten minste 3 (drie) geskrewe kwotasies verkry word deur die Munisipale Bestuurder vanaf enige van die instellings gelys in paragraaf 8.6 hierbo.

8.8.2 Die Munisipale Bestuurder mag nie rentekoerse aan ander instellings openbaar maak gedurende die kwoterings proses nie.

8.8.3 Indien Beleggings Bestuurders gebruik maak van tesouriekantore met die doel om kwotasies te verkry, moet die kwotasies, met ‘n geskrewe rede waarom ‘n spesifieke instelling gekies was indien die opbrengs laer is as by ‘n ander instelling, aan die Munisipale Bestuurder gerig word, wie die redes moet evalueer en sodanige instruksies uitreik wat noodsaaklik geag word.

***8.9 Kommissie of Koste:***

8.9.1 Geen kommissie vir beleggings gemaak of verwys is betaalbaar aan ‘n amptenaar of raadslid, of eggenoot/te, besigheids vennoot of nabye familielid van ‘n amptenaar of raadslid deur ‘n instelling of beleggings bestuurder nie.

8.9.2 Enige kommissie, ander vergoeding of koste betaal aan ‘n beleggings bestuurder deur ‘n instelling moet verklaar word aan die munisipaliteit deur die instelling en Beleggings Bestuurder deur middel van sertifikate.

8.9.3 Enige kwotasie aan die munisipaliteit gegee deur ‘n instelling of Beleggings Bestuurder moet netto van koste, belonings of kommissie wees, maar moet ook kommissie, belonings of koste aandui wat ten opsigte van die beleggings betaal sal word.

***8.10 <u>Prestasie:</u>***

8.10.1 Die Munisipale Bestuurder moet jaarliks meet en raporteer aan die Raad oor die prestasie van sy:

- Beleggings in terme van die gestipuleerde doelwitte van hierdie beleid;
- Beleggings Bestuurders in terme van die gestipuleerde doelwitte van hierdie beleid.

8.10.2 Die meting moet gedoen word deurdat die prestasie op beleggings van omliggende munisipaliteite in ag geneem word.

***8.11 <u>Verbode Aktiwiteite:</u>***

8.11.1 Geen beleggings mag gemaak word anders as in die naam van die munisipaliteit nie.

8.11.2 Geld mag nie geleen word vir die doel van beleggings nie.

8.11.3 Geen persoon, insluitend amptenare en raadslede, mag inmeng of poog om in te meng in die bestuur van beleggings toevertrou aan die Munisipale Bestuurder of persone gedelegeer deur die Munisipale Bestuurder nie, ingesluit met die Beleggings Bestuurders.

8.11.4 Geen beleggings mag gemaak word anders as gedenomineer in Rand nie, en wat nie gekoppel is, of geaffekteer word, deur enige wisseling in die waarde van die Rand teenoor enige buitelandse betaalmiddel nie.

### *8.12 Verslagdoening:*

8.12.1 Die Munisipale Bestuurder moet, addisioneel tot die verslagdoening in paragraaf 7.7 hierbo, binne 10 werksdae na die einde van elke maand 'n verslag aan die Burgemeester indien wat in detail die beleggings portefeulje van die munisipaliteit soos aan die einde van die vorige maand, weergee.

8.12.2 Die bogenoemde verslag moet ten minste 'n staat, opgestel in ooreenstemming met algemeen aanvaarde munisipale rekeningkundige beginsels, soos aangepas van tyd tot tyd bevat, wat die onderstaande weergee:

- Begin mark waarde van elke belegging vir die maand;
- Toevoegings en veranderings aan die beleggingsportefeulje vir die maand;
- Eind markwaarde van elke belegging vir die maand;
- Volle opgelope rente/opbrengs vir die maand insluitend rente/opbrengs gekapitaliseer of uitbetaal.

8.12.3 Die Munisipale Bestuurder, met die maak van beleggings, moet die betrokke instellings herinner aan die instelling se wetlike verslagdoeningsverantwoordelikheid in terme van Artikel 13 (3) en 13 (4) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 en moet 'n sertifikaat vanaf die instelling verkry dat die instelling sal voldoen aan die Wet. 'n Enkele sertifikaat per instelling vir enige huidige en toekomstige beleggings mag verkry word en moet op die munisipaliteit se beleggingsleêr geliaseer word.

## 9. TOEPASLIKE WETGEWING

9.1 Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuurswet, 56 van 2003;
9.2 Kredietbeheer en Skuldinvorderingsbeleid;
9.3 Finansiële Markte Bestuurswet, 55 van 1989;
9.4 Aandeel Verwisseling Beheer Wet, 1 van 1985;
9.5 Bankwet, 94 van 1989;
9.6 Wet op die Korporasie vir Openbare Depositos, 46 van 1984,

## 10. HERSIENING VAN DIE BELEID

10.1 Hierdie Kontant Bestuurs- en Beleggings Beleid is die enigste beleid wat heers oor kontant bestuur en beleggings in die munisipaliteit. Enige hersiening van hierdie beleid moet deur die Munisipale Raad goedgekeur word.

10.2 Die Burgemeester moet enige voorgestelde veranderinge aan hierdie beleid aan die Raad voorlê as deel van die jaarlikse hersiening van beleide voorgelê met die begrotings dokumentasie.

10.3 Wanneer ookal die Minister van Finansies of die Nasionale Tesourie of die Ouditeur- Generaal enige veranderinge aan die beleid vereis deur middel van wetgewing of versoeke moet dit so gou doenlik hersien word ooreenkomstig sulke vereistes, wat die volle besonderhede van die redes vir die hersiening verskaf.